

Onderwys

Lyfstraf in skole is 'barbaars', sê Zuma

Deur Hannes Kruger 26 Maart 2017 19:13

Lyfstraf in skole is barbaars.

Dit is wat pres. Jacob Zuma Saterdagmiddag by die 17de nasionale onderwyserstoekenings in Midrand gesê het oor van die “maatskaplike probleme wat steeds in die skoolstelsel gewortel is”.

Hy het lyfstraf eerste uitgelig.



[Pres. Jacob Zuma. Foto: Ian Carbutt](#)

“Ondanks die feit dat lyfstraf nie meer wettig is nie, hoor ons steeds van gevalle waar onderwysers leerlinge ernstig slaan. Daar is al melding gemaak van leerlinge wat hul lewe verloor het,” het Zuma gesê.

Hy het gesê die slaan van kinders in skole word ten sterkste veroordeel.

“Dit is onwettig en stappe gaan gedoen word teen onderwysers wat die wet oortree en die waardigheid en persoonlike veiligheid van kinders skend.”

Prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit se Edu-Right-navorsingsentiteit, sê talle onderwysers het al hul werk verloor nadat hulle skuldig bevind is weens die slaan of aanrand van 'n leerling.

De Waal sê dit is “absoluut onwettig, onaanvaarbaar en onverskoonbaar om 'n kind te slaan”.

“Dit sal baie moeilik vir die onderwysers wees om die slaan of aanranding van 'n kind te regverdig. Onderwysers mag nie aan 'n kind raak nie, maak nie saak hoe ongehoorsaam hulle is nie.”

Volgens haar verbeter lyfstraf nie noodwendig 'n kind se gedrag nie. “Dit maak die kind altyd seer en laat hom of haar net skuldig voel,” sê De Waal.

Sy sê op skoolvlak is daar verskeie strategieë aangebied en voorgestel om lyfstraf se rol te vervang. “Dit is nie noodwendig defensie waar onderwysers toesig hou wat die oplossing bied nie, maar in elke skoolgemeenskap behoort daar spesifieke strategieë

geïdentifiseer te word om leerlinge se gedrag so te beheer dat dit lei tot gehalteonderrig en leer.”

Ons gee rekenaars vir die skole en hulle word gesteel, ons eiendomme word beskadig en ons leerlinge word aan gevaar blootgestel.

Angie Motshekga, minister van basiese onderwys

Sy waarsku onderwysers om nooit ’n leerling uit woede te straf nie, aangesien straf op skoolvlak nie daaroor moet gaan om wraak te neem nie. “Straf moet ’n opvoedkundige oogmerk hê.”

Zuma het verder verwys na misdaad by skole.

“Ons het nog steeds ernstige gevalle van misdaad by skole.”

Skole het ’n sagte teiken vir misdadigers geword en daarom het die departement van basiese onderwys sowat twee weke gelede aangekondig hy het riglyne aanvaar om veiligheid by skole te verbeter.

“Ons gee rekenaars vir die skole en hulle word gesteel, ons eiendomme word beskadig en ons leerlinge word aan gevaar blootgestel,” het Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, twee weke gelede op ’n mediakonferensie in Pretoria gesê. “Veiligheid by skole is vir die departement ’n groot bekommernis en daarom is riglyne en maatreëls nou ontwikkel en goedgekeur,” het Motshekga gesê.